

# Keke se swaai

Marion Drew and Khothatso Ranoosi

Afrikaans

Keke het op haar swaai gesit.

Sy was mal oor haar swaai.

Dit was die beste swaai by haar skool.





Keke het stadig op haar swaai beweeg.

Vorentoe en agtertoe.
Vorentoe en agtertoe.

As Keke beweeg, het haar swaai ook vinniger en vinniger beweeg.

Sy was vinnig, vinnig heel bo.

Keke was bly om so hoog te wees.

Sy kon alles van daar bo af sien.





Toe Keke af kyk, sien sy sy is te hoog.

Sy kon die hele dorp sien.

Sy was amper so hoog soos die voëls.

Na ‘n rukkie wou Keke weer af kom.

Die swaai wou nie stop nie.

“O, o, o!” roep sy. “Ek weet nie hoe om te stop nie!”





Die swaai het aangehou en aangehou.

Op en af, op en af.

Keke was bang.

“Waarheen gaan hierdie swaai my vat? Wat as dit my maan toe vat? Ek moet af kom!” het Keke gehuil.

Keke laat gaan toe die swaai en sy val af, af, af…





“O, o, o!” roep die ander kinders uit.

Keke val op die grond en stamp haar kop.

“Eeeeeh, eeeeeh, eeeeeh” huil Keke.

Die ander kinders was bekommerd oor Keke.

Keke het nie geweet wat om te doen nie.
"Eeeeh, eeeeh, eeeeeh." huil sy weer.
Die kinders gaan roep hul juffrou.
"Juffrou Mpho, kom asseblief!" roep hulle.

"Keke het van die swaai af geval. Sy het haar kop seer gemaak."






Juffrou Mpho hardloop na die swaai toe.

Sy tel vir Keke van die grond af op.

Juffrou Mpho soen Keke se kop. Keke glimlag, “Nou voel ek beter.”

“Ek sal nie weer alleen op daardie swaai gaan nie.” Sê Keke.

“Ek wil nooit na die maan toe gaan nie.”





“Volgende keer sal ek saam jou op die swaai wees.” Sê juffrou Mpho.

“Ons kan saam na die maan toe gaan.”

# Keke se swaai

Writer: Marion Drew and Khothatso Ranoosi
Illustration: Marion Drew
Adapted By: Kimberly Lange
Language: Afrikaans



This story was developed in Paleng Children's Centre, Malea-lea, Lesotho http://paleng.weebly.com/, Facebook Paleng.

© African Storybook Initiative, 2015

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY 4.0) Version 4.0 International Licence
Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative